21 MAART 2020
HERDERSBRIEF #8

Geliefde Gemeente,

Dit is die sewende dag van die week: die Joodse Sabbat. ***Hebreërs 4*** het betrekking. Die rusdag ***Heb. 4:1***: ***"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie."*** *"Agtergebly"* – vanuit die Grieks – *"any of you might seem to come short."*

Die vraag is dus:

Waarin skiet ons ***"tekort"****?*

Of anders gestel:

Waaraan het ons 'n ***"tekort"***?

Ons word deur die Woord van God opgeroep om God se rus binne te gaan, want ons wat geglo het gaan die rus in. Volgens ***Heb. 4:6*** beteken *"ongehoorsaamheid"* dat ons Sy rus nie binne gaan nie. ***"Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie!"*** Daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne. In hierdie tyd van rampspoed en pes is dit van die allergrootste belang dat ons ons "rus" in Christus sal beleef.

Ons trek nie saam in die juk van ongehoorsaamheid nie. Dit is juis die doel van toerusting volgens ***Luk.1:17****: "om die* ***ongehoorsames*** *terug te bring tot die gesindheid van die* ***regverdiges****." Ons trek nie saam met die paniek en vrees, die wanbalans en die wan-persepsies van Suid-Afrika nie.*

Verlangende groete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335